# *KERMIS 2026 VRYDAG 8 Mei vanaf 17:00*

**By die volgende tafels benodig ons nog produkte en/of hulp:-**

***POEDING*: Produkte:-**Trifle X 2; Sjokolade poeding X 1; Peppermint Crisp X 1; Kaaskoek (gebak of yskas) X 1; Sagopoeding X 2. Stuur 'n WhatsApp na die Kerkkantoor 065 964 0101 met jou naam en wat jy sal maak. **Indien jy bestanddele benodig stuur dit ook na die WhatsApp nommer.**

***HANDWERK*: Hulp:-** Een persoon vir verkope

**Produkte:-** Gebreide of gehekelde kombersies en handskoene, leerprodukte, houtlampstaanders, oorgetrekte hangers, scrunchies (vir hare), versierde haarknippies ens.

***SOETTAND*: Hulp:-** Verkope

***PANNEKOEK:* Hulp:-** Rol van pannekoek

***VLEIS:* Hulp:-** Mans en dames wat kan help met verkope en maak van worsbroodjies en skep van potjiekos (lamskerrie- en hoenderpot)
Braaiers vir braai van wors, sosaties en skilpadjies

***"CHIPS" :-* Hulp :-** Twee persone wat bereid is om "chips" te bak in diepbraaiers. (Alles word voorsien)

## <u>WAT SAL DAAR NOG TE EET EN TE KOOP WEES</u>.....

**Heerlike vars gebakte jaffels**

**Koeke, terte, beskuit, kleinkoekies en spesiale geskenkies vir Moedersdag**

**Genoeg soetgoed vir die jongspan en die soettand**

**Kerrie & Rys**

**Koffie en koeldrank en iets vir die droëe keel**

**Heerlike sop en vetkoek, ingelegde produkte, konfyt en varsgebakte brode.**

**VIR DIE JONGSPAN**

**Poppekas / Baie Speletjies en raaisels / Springkasteel / Paintball skiet**

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DAAR <u>NIE</u> BY HIERDIE GELEENTHEID <u>'N WIT OLIFANTTAFEL SAL WEES NIE.</u>**

